

Inhoud Hierdie preek wys op die twee verskillende opdragte: die opdrag van die Vader aan sy eniggebore Seun en die opdrag van Christus aan sy dissipels. Christus het die opdrag om sy lewe af te lê en weer op te neem. Die dissipels kry nie hierdie opdrag nie. Hulle kry 'n ander opdrag, die nuwe gebod: om mekaar lief te hê soos Christus hulle liefhet. Hierdie is twee verskillende maniere om lief te hê. Christus het volkome lief om vir sy liefde veroordeel en gestraf te word. Hierdeur maak Christus sy dissipels en hulle liefde vir die liefde van die Vader volkome, al is hulle liefde vol sonde en tekortkominge. Christus se aflê van sy liefde in die oordeel van die Vader en sy opneem van sy lewe in liefde in die heerlijkheid van die Vader, maak dat gelowiges in hulle gebroke liefde vir mekaar, mekaar oordeelloos en stafloos kan liefhê.

Skriflesing Johannes 10: 14 – 17; 13: 31 – 35; 15: 9 – 17; 1 Johannes 4: 7 – 21.

Teks Johannes 10 verse 17: “Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van die Vader ontvang het.”

Tema: Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê.

1. Twee soorte opdragte!

Twee opdragte wat heeltemal van mekaar verskil! Die opdrag wat God die Vader aan Christus gee en die opdrag wat Christus aan ons gee!

Die opdrag wat God die Vader aan Christus gee klink so: “Jy moet jou lewe aflê om dit weer op te neem.” Die opdrag van Christus aan ons as sy kerk gee as die nuwe gebod klink so: “Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.”

Hierdie twee opdragte is opsigtelik anders: “Jy moet jou lewe aflê en weer opneem” teenoor “Julle moet mekaar liefhê soos Christus julle liefhet.”

2. Christus se opdrag van die Vader is om as mens gebore te word en die lewe wat Hy as mens het, af te lê weer op te neem.

Die opdrag om sy lewe af te lê beteken dat Hy Homself self en die lewe wat Hy as mens leef, oor gee

- om veroordeel te word,
- om gekruisig te word en so vervloek te word,
- om 'n dood te sterf waarmee Hy boet
- om verwerp te word as mens.

Dit is hoe Christus sy opdrag van die Vader moet uitvoer om sy lewe af te lê. Hy moet dit in veroordeling, in vervloeking in skuld en verwerping aflê.

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

Daarna moet Hy die opdrag voltooi deur na Hy sy lewe so afgelê het dit weer op te neem. Hy het die opdrag om weer uit die dood wat Hy gesterf het op te staan om weer lewend mens te wees en weer as mens lief te hê.

3. Die opdrag aan Jesus as Christus is opsigtelik 'n heel ander tipe opdrag as die opdrag wat die Here aan ons gee.

Christus gee nie aan ons die opdrag wat Hy van die Vader gekry het nie. Hy gee aan ons 'n totaal ander tipe opdrag. Hy gee aan ons die opdrag om die nuwe gebod te gehoorsaam. Ons moet mekaar liefhê soos Hy ons liefhet.

Ons ontvang glad nie die opdrag om ons lewe af te lê en weer op te neem nie. Om mekaar lief te hê soos Christus ons liefhet beteken glad nie dat ons vir mekaar ons lewe moet aflê soos Christus sy lewe af gelê het of vir mekaar ons lewe moet opneem soos Christus weer sy lewe opgeneem het nie.

Ons het nie die opdrag van God om veroordeel te word, vervloek te word, skuldig te wees en verwerp te word nie. Nog minder het ons die opdrag dat wanneer ons so sterf dat ons weer uit die dood moet opstaan om lewend weer mens vir God te wees.

4. Hierdie twee verskillende opdragte gaan oor twee verskillende soorte liefdes, twee verskillende maniere hoe om lief te hê.

Christus se liefde vir sy Vader is om sy lewe af te lê en dit weer op te neem. Lewe af lê en lewe opneem is hoe Christus as mens moet liefhê. As mens moet Hy so lief hê dat Hy sy lewe as mens aflê en as mens moet Hy so liefhê dat Hy sy lewe opneem.

Ons moet mekaar op 'n heel ander wyse liefhê. Ons moet mekaar liefhê volgens die nuwe gebod. Die wyse waarop ons die nuwe gebod gehoorsaam is om mekaar lief te hê soos Christus ons liefhet.

5. Hoe verskil hierdie twee soorte liefdes van mekaar?

Liefde wat daarin bestaan om jou lewe af te lê en weer op te neem van die liefde vir mekaar volgens die nuwe gebod: om mekaar lief te hê soos Christus ons liefhet!

Wat is hierdie tipe liefde wanneer jy jou lewe in liefde aflê en jou lewe in liefde weer opneem?

Ons mag nie dit so verstaan dat dit beteken om baie lief te hê nie. Dit is nie die verskil in die tipe liefde wat Christus moet hê teenoor die liefde wat ons moet hê nie. Dan sou dit beteken dat Christus moet baie liefhê en ons kan maar gemiddeld liefhê.

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

Net so kan dit ook nie beteken dat Christus moet algeheel liefhê, met oorgawe liefhê of reserweloos lief hê nie. Dan sou dit beteken ons kan maar sonder oorgawe of net gedeelte liefhê.

Die verskil in die tipe liefde wat die Here aan die Vader moet bewys gaan nie oor die intensiteit van die liefde nie. Dit is 'n ander kwaliteit van liefde. Liefde wat anders werk as die liefde waartoe ons verbind word.

6. Hoe is hierdie liefde wat Christus aan die Vader bewys anders?

Dit word in die evangelie Johannes aangedui met die woord offer of opoffer. Christus word deur Johannes die Doper aangewys as die Christus wat die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem. (Joh. 1 vers 29)

Hy is die Een wat vir sy liefde geoffer word!

- Vir die regte liefde waarmee Christus as mens lief gehad het moet hy veroordeel word;
- Vir die goeie liefde waarmee Christus goed is, moet hy vervloek word;
- Vir die toegewyde liefde waarmee Christus liefgehad het, moes hy skuldig staan en boet;
- Vir die volkome heilige liefde waarmee Christus liefgehad het moes Hy verwerp word.

Hy moes sterf as liefdelose mens vir die volkome liefde wat hy gegee het. Hy moes volgens die wet van Moses en die Jode sterf as kwaaddoener. (Joh. 18: 30 en 19: 7) Op hierdie wyse het die Here sy lewe in liefde af gelê.

Daarna moes die Here weer lewend mens word om hierdie nuwe posisie as Here in te neem. Om sondaars in te sluit in sy liefde waarin hulle as sondaars vir die gebroke en halwe liefde wat hulle het, verheerlik word, geseën word, beloon word en aanvaar word. Omdat Hy hulle in sy liefde insluit.

So lê die Here sy lewe wat Hy in liefde geleef het af en neem dit weer op.

7. Hoe verskil hierdie tipe liefde waarin die Here sy lewe aflê en weer opneem van die nuwe liefde volgens die nuwe gebod.

Ons het die verskil tussen die ou en die nuwe gebod gehoor in die Skriflesing uit die eerste brief van die apostel Johannes hoofstuk 2: “⁷ Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. ⁸ Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle...”.

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

Die nuwe gebod wat die Here aan ons gee hoe om mekaar lief te hê is nie 'n ander gebod as die Tien Gebooie nie. Die Tien Gebooie is die nuwe gebod. Dit is nuut want die Here laat met sy liefde waarin Hy sy lewe aflê en weer opneem, hierdie gebod op 'n heel ander manier werk. Hierdie Tien Gebooie werk deur die aflê en opneem van Christus se lewe so anders dat buite sy liefde die Tien Gebooie buite sy liefde vir ons die ou gebod is maar binne sy liefde vir ons is dit 'nuwe gebod.

Dit is hoe die Here ons liefhet! Hy het ons nie so lief dat Hy ons beveel om net soos Hy sy opdrag uit te voer om so lief te hê dat jy in en deur jou liefde jou lewe aflê of weer opneem nie. Hy het ons so lief dat deur sy liefde om sy lewe af te lê en weer op te neem, ons mekaar op 'n nuwe manier volgens die Tien Gebooie kan liefhê.

8. Hoe lyk hierdie nuwe liefde volgens die nuwe Tien Gebooie – wat in Jesus en ons waar is?

- Deur sy regte liefde wat veroordeel is, maak die Here dat wanneer ons vir mekaar liefde gee volgens die Here se wet en dit is nie reg soos dit moet wees nie, daar geen veroordeling vir hierdie liefde vir mekaar is nie.

Daarom moet ons mekaar liefhê volgens die wet van God soos Hy ons liefhet. Ons is verbind om mekaar volgens die Here se wet lief te hê sonder dat ons mekaar veroordeel vir liefde wat nie volgens sy wet reg is nie. Só het ons mekaar lief soos Christus ons liefhet. Ons aanvaar mekaar se liefde volgens die Here se wet as reg vir God en vir mekaar, al is dit nie volgens die Here se wet reg nie. Sy liefde laat ons liefde só vir mekaar wees reg!

- Deur sy goeie liefde wat vervloek is, maak die Here dat wanneer ons vir mekaar liefde gee volgens die Here se wet en dit is nie so goed soos dit volgens die wet moet wees nie, daar geen vervloeking vir hierdie halwe liefdes van ons is nie.

Daarom moet ons mekaar liefhê volgens die wet van die Here soos Christus ons liefhet. Ons is verbind om mekaar volgens die Here se wet lief te hê al kan ons nie so goed wees in ons liefde vir mekaar soos die wet eis nie. Ons aanvaar mekaar se liefde as goed soos Christus dit vir Hom goed laat wees.

- Deur sy toegewyde liefde aan die Vader wat nie beloon maar gestraf is, maak die Here dat ons beloon vir toegewyde liefde wat ons nie regtig het nie. Daarom moet ons mekaar se liefde aanvaar in Christus en mekaar nie straf vir liefde wat nie so toegewyd is soos die wet eis nie.
- Deur sy volkome heilige liefde waarvoor Hy verwerp was, word ons liefde wat gebroke en gedeeltelik is aanvaar as die volkome liefde van God se kinders. Daarom moet ons mekaar so liefhê soos Christus ons liefhet. Ons moet

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

mekaar in ons gebroke liefde aanvaar in die volkommenheid wat Hy ons vir hom as Here laat wees.

Die nuwe gebod en die liefde soos Christus ons liefhet beteken dat ons vir mekaar aan die wet van God verbind is en dat in hierdie liefde vir mekaar ons geen oordeel, vloek, skuld of verwerping kan toebedeel of vir onself veroorsaak nie.

Die liefde soos Christus volgens die nuwe Tien Gebooie is liefde volgens die wet van God sonder om mekaar te veroordeel, in skuld te stel, mekaar te vervloek of te verwerp vir eie liefde wat nooit volgens die wet reg kan wees nie.

Dis 'n gawe en voorreg omdat die Here met sy liefde wat 'n offer was vir ons die liefde oordeelloos en skuldloos maak. Daarom stel die apostel: "Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees het nie volmaakte liefde nie." (1 Joh. 4: 18) Ons is ingesluit en deel die volmaakte liefde wat die Here se opdrag was, en daarom kan ons nou ook mekaar vreesloos liefhê in 'n liefde vir mekaar wat geen oordeel of straf verwag nie.

9. Christus openbaar die andersheid van hierdie twee soorte opdragte hoe om lief te hê só: "Ek het die volmag om só lief te hê: om my lewe af te lê en weer op te neem."

Die Here het die volmag om sy lewe in liefde in die oordeel van God af te lê om sy lewe in liefde weer in die heerlijkheid van God se guns op te neem.

Wie het hierdie tipe volmag? "Ek leef in liefde en gee my lewe in liefde op om daarvoor gestraf te word en as skuldenaar voor God te sterf en Ek sal weer met die volmag wat Ek het as mens self lewend uit die dood opstaan."

Dit is net Christus as Here wat die volmag het om so lief te hê. Hierdie volmag verklaar Johannes as die openingsin van sy evangelie: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by god en die Woord was self God." In vers 14 word hierdie volmag so openbaar: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Net die enigste Seun van die Vader het die volmag om so lief te hê dat Hy sy lewe aflê en weer opneem want sy volmag is die volmag waarmee Hy self God is. Geen ander mens kan lief hê soos Christus liefhet nie: om sy lewe in liefde as offer af te lê om weer op te neem nie.

10. Ons het nooit die volmag om mekaar lief te hê nie. Om mekaar lief te hê soos Christus ons liefhet, gee ons geen volmag en ons kan mekaar ook nie met volmag so liefhê nie.

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

Ons liefde vir mekaar as medegelowiges is nie in en met volmag nie. Ons liefde vir mekaar is 'n gawe, 'n voorreg en plig!

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat hierdie verskil kan toelig van liefde in volmag en liefde as gawe en plig!

Die voorbeeld gaan oor die verskil tussen die liefde wat ouers vir hulle kinders het teenoor die liefde wat kinders vir mekaar moet hê.

Die kinders!

Wie gee vir jou pa en ma die opdrag om julle as hulle kinders lief te hê? Julle as kinders kan glad nie so opdrag aan julle ouers gee nie. Julle het nie die mag om vir hulle opdragte te gee nie. Wie gee vir julle as boeties en sussies die opdrag om mekaar lief te hê? Dit is jou pa en ma. Hulle gee vir julle die opdrag om mekaar lief te hê, maar niemand gee vir hulle 'n opdrag om julle lief te hê nie.

Hier het ons twee heeltemal verskillende soorte liefde wat op twee verskillende maniere werk!

Pa en ma het besluit hulle wil kinders hê. Dit was nie oupa of ouma wat vir hulle die opdrag gegee het om kinders te hê nie. Hulle was man en vrou en daarom het hulle die volmag gehad om te besluit om kinders te wil hê. toe het hulle julle verwek. Dit beteken hulle het die opdrag om 'n pa en ma te wees self gemaak en op hulle self geneem. Hulle het die volmag gehad om so opdrag self te maak en op hulle self te neem: ons gaan kinders hê en ons gaan hulle liefhê.

Hierdie liefde wat hulle op hulle self geneem het om dit te gee is ouerliefde. Hulle maak en neem hierdie liefde op hulle self: ons maak kinders om hulle as ouers lief te hê

Watter opdrag gee ouers vir kinders?

Julle moet mekaar as boeties en sussies liefhê! Julle het nie self besluit om boeties of sussies te kry om lief te hê nie. Hulle is, al kan jy dit nie nou regtig glo nie, 'n gawe en 'n voorreg wat jou ouers vir jou gegee het.

Dit is hoe ouerliefde van boetie- en sussie liefde vir mekaar verskil! Hulle het die volmag om vir hulle self hierdie liefde te maak en as plig op hulle te neem: ons is ouers. Julle as kinders het glad nie die mag om so iets te doen nie. Julle liefde vir mekaar is 'n gawe en plig wat julle ouers vir julle gee.

Net so is die Here se liefde om sy lewe af te lê en weer op te neem 'n besluit tussen God en Vader en God die Seun. Daarom kan net Christus hierdie opdrag op

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

Homself neem om só lief te hê dat Hy sy lewe aflê om weer op te neem. Ons liefde vir mekaar as broers en susters is 'n gawe, 'n voorreg en plig: ons moet volgens die wet van God liefhê soos Christus ons liefhet.

11. Wat eis hierdie twee verskillende opdragte van ons?

Die Here se opdrag wat Hy uitvoer stel aan ons 'n eis: ons moet in die liefde bly waarin Hy ons insluit. Die wyse waarop ons in hierdie liefde van Hom bly is om te glo in sy liefde. Dit stel die apostel so: ¹⁵ "Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. ¹⁶ En ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin." (1 Joh. 4)

Die eis wat die opdrag van Christus aan ons stel is om liefde te gee.

Ons mag nooit hierdie 2 opdragte verdraai nie. Ons het die ewige lewe van Christus ontvang om te leef, nie om op te gee nie. Ons kan en mag nie die lewe in die liefde van God opgee as 'n offer nie.

Dit is die verdraaiing van liefde waarmee ons vandag al meer en meer in die kerk gekonfronteer word: mense wil nie meer liefde volgens God se wet gee nie. Hulle wil die volmag hê om hul lewe af te lê en weer op te neem. Hulle wil die volmag hê om die tipe liefde wat die Here as opdrag gehad het, uit te voer.

Dit is die tipe liefde waarmee ons al meer en meer gekonfronteer word:

- Jy moet jouself oorgee aan God
- Jy moet die beheer van jou lewe weggee
- Jy moet self niks meer wil wees nie
- Jy moet jou eie ek kruisig en in jou self dood wees vir jouself

en wanneer jy jouself so aan God opgeoffer het om niks meer te wees nie, dan moet jy glo dat jy weer jou lewe sal opneem:

- Jy sal dan ervaar dat die lewe van God in jou sal opstaan
- Jy sal dan ervaar dat God se krag van jou besit neem.
- Jy moet dan opstaan en met die lewe en krag van God gaan leef.

Kan u sien wat se opdrag is hierdie nuwe liefde wat geestelikes aan die gelowiges opdis? Dit is die opdrag wat die Here gehad het: om sy lewe af te lê en weer op te neem. Dit is ook nie sommer net 'n moedswillige vergelyking nie. Dit is hoe hierdie nuwe tipe liefde in die kerk van die Here gepreek en gemotiveer word.

- Jy moet soos Jesus wees!

Die wyse waarop Christus ons liefhet maak dat ons mekaar kan liefhê

- Jy moet in jouself niks meer vir God wees nie, soos Jesus niks aan die kruis geword het.
- Jy moet jouself oorgee aan God soos Jesus Homself in die dood oorgegee het en jy moet jouself sterf soos Jesus gesterf het.
- Jy moet die beheer van jou lewe oorgee soos Jesus Homself aan die oordeel van God aan die Romeine en Jode oorgegee het.
- Dan moet jy daarin die lewe in die Gees opneem.
- Na jy jouself gedood, gekruisig het en niks gemaak het soos Jesus, dan moet jy weer opstaan en in die krag en lewe van God begin leef.

Wie se opdrag voer jy uit wanneer jy op hierdie geestelike manier nou wil liefhê? Dit is die opdrag wat net die enigste Seun van die Vader ontvang het en wat net Hy die volmag het om uit te voer: om sy lewe af te lê en weer op te neem.

12. Die opdrag van Christus aan ons is om volgens die wet van God mekaar lief te hê soos Hy ons liefhet. Nie om met volmag die opdrag wat Hy uitgevoer het op ons te neem nie.

Wie hierdie opdrag op homself neem, is nie met liefde besig nie, maar is juis met 'n geestelike skyn van liefde besig om die liefde waartoe ons verplig is, te versaak.

Wat is besig om in jou huwelik te gebeur wanneer jou man jou straf vir die liefde wat jy as vrou aan hom gee? Is hy besig om soos Jesus met volmag lief te hê of is hy besig met 'n ander vrou wanneer hy jou straf vir jou liefde as vrou?

Wat is besig om te gebeur wanneer die owerheid sy burgers wat belasting betaal en sy wette gehoorsaam te straf vir hulle gehoorsaamheid? Moet hulle dan soos Jesus liefhê en aanhou gehoorsaam wees omdat hulle soos Jesus gestraf moet word vir liefde? Moet hulle so soos Jesus liefhê met volmag?

Hierdie pervershede is geen liefde nie en die perversheid om soos Jesus sy opdrag uit te voer is niks anders as om die liefde waartoe die Here ons verplig te versaak nie. Ons het nie die volmag om sy opdrag uit te voer nie. Ons liefde vir mekaar is sy gawe.

Daardie liefde wat ons die wet van God gehoorsaam in die sekerheid dat ons nie veroordeel of gestraf word vir ons tekortkominge in ons liefde nie.

Net die Here het die volmag om sy lewe wat Hy in liefde leef af te lê en weer op te neem. Die waan dat ons die volmag het om dit geestelik na te doen is sonde. dit is 'n geestelike manier om die eis van die liefde volgens die wet van God te ontduik.

Kom ons glo dat Christus sy opdrag uitvoer sodat ons mekaar kan liefhê soos Christus ons liefhet: om mekaar te kan lief hê sonder vrees vir ons tekortkominge in ons eie liefde.